

Francois Bredenkamp (vertaler): *Meditasies* van Marcus Aurelius Antoninus

Protea Boekhuis, Pretoria, 2007

Francois Bredenkamp sluit met sy vertaling van die filosoof-keiser, Marcus Aurelius Antoninus (121-179) se *Meditasies*, 'n skatkis vir die Afrikaanse leser oop. Die *Meditasies* is verpligte leesstof vir die ernstige filosoof of denker, en kosbare waarhede en oplossings lê hierin opgesluit vir die politieke en sosiale dilemmas van vandag. Die talle treffende en bondige gesegdes en beelde behoort groot byval te vind by die 21ste eeuse leser wat op soek is na gepaste aanhalings vir toesprake of skryfwerk, terwyl die werk ook interessante verwysings na die leefwêreld van die 2de eeu n.C. bevat.

In die algemene spreektaal word Stoïsisme gelykgestel aan onverstoortbaarheid en die vermoë om terugslae manmoedig te verduur. Alhoewel Marcus Aurelius maan teen emosionele uitbarstings en woede, kom die uitleef van die Stoïsynse filosofie by hom eerder neer op “oefeninge vir die rede wat noukeurig en wetenskaplik na aangeleenthede in die lewe kyk...” (Boek 10:31), want so 'n goedgeordende gees bring gemoedsrus. Die aanmoediging tot analitiese denke, wat so tipies van die Romeine is, kom herhaaldelik voor: Ontsluit 'n saak deur die oorsaak, die materie, die verband, en die tydsduur waarbinne dit afspeel, te onderskei (Boek 12:18). Verder is dit noodsaaklik om die “goddelike element binne-in jou in ere (te) hou” sodat jy “die kosmos wat jou verwek het, waardig is” (Boek 12:1). Die mens leef egter nie in isolasie nie. Verwesenliking van die self berus daarop dat elke handeling afgestem is op die gemeenskap en die sosiale belang. Die lewe van 'n burger vloei rustig as sy dade tot voordeel van sy medeburgers strek. Die glossarium agterin die boek bied nuttige hulp met filosofiese begrippe soos die “leidende beginsel” die “natuur van die AI” en die betekenis van die woord “demon” in hierdie konteks. Die ooreenkoms met Bybelse beginsels is soms merkwaardig (“Kenmerkend van die rasonale gees is om sy naaste lief te hê...” (Boek 11:1)), en sekerlik kenmerkend van die tydgees. Marcus se verhouding met die Christene word in besonderhede in die nawoord bespreek.

Soos die volgende voorbeelde illustreer, vind die rykdom van wysheid wat in die *Meditasies* voorkom, vandag ewe veel toepassing as in Marcus se tyd: “...jy moet begryp dat elke persoon presies soveel werd is as daardie dinge waarvoor hy hom beywer” (Boek 7:3), “Dit wat nie tot voordeel van die swerm is nie, is ook nie tot voordeel van die by nie” (Boek 6:54) “Die beste manier om jouself te wreek, is om nie soos jou vyand te word nie” (Boek 6:6). Aanhalings is nie beperk tot dié van Marcus Aurelius nie, want op sy beurt haal hy ook dikwels ander wysgere van sy tyd soos Euripides, Epictetus en Plato aan: “Epictetus het altyd gesê dat wanneer jy jou kind soen, jy hierbinne vir jouself moet sê: “Miskien sterf jy môre”.

Marcus bied praktiese, gesonde en eerlike advies vir alledaagse probleme soos die hantering van kritiek, woedebuie, ontsteltenis of stres en vrees vir die naderende dood. Hy moedig aan tot geduld, tevredenheid, deursettingsvermoë, gasvryheid, standvastigheid en positiewe denke. Hy waarsku daarteen om jammer vir jouself te voel: “Raak ontslae van die ‘ek is verontreg’-houding, en jou pyn is ook sommer weg” (Boek 4:7) en het selfs raad vir diegene wat soggens moeilik opstaan (Boek 5:1), of hunker na 'n plekkie by die see of in die berge (Boek 4:3). Dit lyk asof sportsterre reeds in Antoninus se tyd die meeste aandag geniet het, maar hy bied ook troos vir diegene wat nie hierin uitblink nie: “Ons sê: ‘So en so is beter met stoei’ – almiskie, maar hy is nie méér sosiaal bewus, of méér beskeie, of beter aangepas by omstandighede, of méér toeskietlik teenoor die gebreke van sy naaste nie!” (Boek 7:52). Die *Meditasies* spreek ook tot Suid-Afrikaners wat elke dag die ontwrigting ervaar wat verandering meebring. Volgens Marcus is verandering nie te vrese nie, want dit is eie aan

die natuur van die heelal, die wêreld is verandering, jou hele lewe lank is jy onderworpe aan afsluiting, verposing en verandering (Boek 9:21). Bredenkamp beveel in sy voorwoord aan dat die *Meditasies* met verdrag gelees moet word en as 'n *vademecum* rondgeneem en in oomblikke van ledigheid gelees word, maar “oomblikke van ledigheid” is skaars in die meeste van ons se lewens, en die werk se bruikbaarheid as bron vir aanhalings of praktiese raad sal aansienlik verhoog word indien die outeur (hopelik met 'n volgende druk!) 'n indeks voorsien van onderwerpe waarvoor Marcus Aurelius hom uitlaat.

Antoninus se beeldryke taal verhoog die trefkrag en verleen kleur en humor aan die voorskrifte: “In die insig van 'n mens wat gekasty en gelouter is, vind jy geen sweersel of etterige wond of bloedvint nie” (Boek 3:8); “Die lewenskuns is meer soos stoei as soos dans vir sover jy gereed moet wees vir onverwagse omstandighede en daarteen moet staande bly” (Boek 7:61); “Stel jouself voor dat elke persoon wat vir enige bakatel treur of ongelukkig voel, nes 'n speenvarkie is wat geoffer word en wat skop en skree” (Boek 10:28).

Die boek herinner telkens aan die oorspronklike outeur se leefwêreld. Om kleedstof purper te kleur is dit in die “bloed” van 'n skulpvys gedrenk (Boek 6:13), die Romeinse baddens het Marcus herinner aan “...olie, sweet, smerigheid, vetterige badwater...” (Boek 8:24) en in die arena het slagoffers half opgevreet deur diere en “oortrek van die wonde en gekoekte bloed” aanhou smee om net tot môre aan die lewe gehou te word (Boek 10:8). Die nawoord, wat handel oor Marcus se lewensloop, sluit ook interessante staaltjies in. Hierdie leser sal byvoorbeeld beslis volgende keer met noukeuriger aandag kyk na die Aureliussuil in Rome met sy uitbeelding van uitgeputte Romeinse soldate wat water in hul skilde opvang (p.165). Dit is ongelukkig juis die nawoord wat afbreuk doen aan Bredenkamp se andersins voortreflike stukkie werk. Die nawoord skep die indruk van 'n baie direkte vertaling uit Engelse bronne en uitdrukkings soos die “glansende jongeling” (p. 146), leermeesters wat “hul merk gelaat” het (p.149), gesondheid wat “vir daardie tye” taamlik goed gehou het (p.154), “eretitels, wat hom uit sy kampanje toegeval het”(p.159), “grondgebied tot en met die hoofstad” (p. 166) die Christene wat 'n “meganistiese keuse uitgeoefen het” (p. 171) en “'n ontspanning van voorwaardes” (p.175) is onnatuurlik en hinderlik. Marcus se laaste naam, Antoninus, word ook op die voorblad en rugkant van die boekie as Antonines aangedui en alhoewel die outeur in die voorwoord onderneem om die oorspronklike Latynse spelwyse eerder as die Griekse te gebruik, gebruik hy deurgaans die Griekse vorm Dion Cassius in plaas van die meer gebruiklike Dio Cassius.

Die vertaling van die *Meditasies* self is egter keurig gedoen. Bredenkamp het uitmuntend daarin geslaag om die oorspronklike waardigheid van die teks te behou sonder om in hoogdrawende Afrikaans te verval. Met hierdie werk lewer hy 'n belangrike en waardevolle bydrae tot die corpus van klassieke werke wat in Afrikaans vertaal is.

Marianne Dircksen
Skool vir Tale
Noordwes Universiteit, Potchefstroom